**20 Maart** **Skrifgedeelte: Johannes 4:27-42**
**Fokusgedeelte: Johannes 4:28-29**

## ’n Leë kruik wat agterbly, maar met ’n vol hart vorentoe

Sou die vroutjie haar kruik daar langs die fontein laat staan het omdat sy skrikkerig was vir die dissipels wat daar aangekom het? Was sy te haastig om in die dorp te kom en te vertel wat met haar gebeur en Wie sy ontmoet het? Ons weet nie. Een ding is seker – daardie kruik wat agtergebly het, is simbool van haar verlede. Sy laat dit agter. Sy het lewende water by Jesus ontvang: vergifnis vir al haar sondes en foute op haar kerfstok, hoop vir ’n nuwe lewe.

Die tyd was ryp vir Jesus se dissipels om mense vir sy koninkryk te oes. Hierdie vroutjie was haastig om alles wat sy van Jesus weet vir die mense in Sigar te gaan vertel. Sy het as ’t ware die eerste gerwe van die oes vir die Here kom afsny met haar getuienis in Sigar. Baie het in Hom geglo en openlik sy Naam bely. Het jy al iets van jou ou lewe eenkant neergesit en met ’n vol hart die lewe ingegaan met die boodskap van redding?

*Sing: Psalm 18:1* *Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*